# RESENSIES / REVIEWS

| |
|---|
| **ZAK VAN STRAATEN. 1987. Ideological beliefs in the social sciences.** Investigation into Research Methodology - Research report series: 5. Pretoria : HSRC. R18.00. 210p. |

Resensent: Heilna du Plooy (Dept. ATL, PU vir CHO)

*Ideological beliefs in the social sciences* is die verslag van 'n navorsingsprojek onder leiding van prof. Zak van Straaten. Die navorsing is gedoen met gedeeltelike befondsing deur die RGN terwyl die Universiteit van Kaapstad en die Institute for Advanced Studies in Philosophy aan UK die res bygedra het.

Die doel van die projek was om ondersoek in te stel na die verhouding tussen ideologiese opvattings aan die een kant en die metodologiese praktyke, prosedures en aannames van wetenskaplikes in die sosiale wetenskappe aan die ander kant. Daar is beplan dat die navorsing binne een jaar afgehandel sou wees en dit is inderdaad gedoen. Om die navorsers te stimuleer en die ondersoeke vinnig op dreef te kry, is 'n tweedaagse seminaar by die Houwhoek Inn gehou waartydens die span in isolasie verskille in benadering kon bespreek en waarby twee buitelandse lede van die groep waardevolle bydraes kon maak.

Daar is gevind dat daar eers deeglik ingegaan moet word op die betekenis en interpretasie van die term *ideologie*. Die eerste gedeelte van die verslag bestaan dan ook uit drie bydraes wat aandag gee aan die baie verskillende betekenisse van die term, die gebruik van die term ideologie in Suid-Afrika en die siening van ideologie as valse bewussyn soos by Marx en Lukacs.

Die tweede deel van die boek bestaan uit drie teoretiese artikels. Die belangrikste vraagstuk waaroor dit in hierdie bydraes gaan is die moontlikheid al dan nie om ideologiese aannames in die sosiale wetenskappe te onderskei. Jonathan Clover en Alan Ryan is van mening dat daar op die voetspoor van Popper van "weak empiricism" gebruik gemaak kan word om die ideologiese onderbou in die wetenskapsbeoefening aan te toon. Mark Orkin daarenteen beweer dat die sosiale wetenskappe sowel as die natuurwetenskappe so diepliggend beïnvloed en bepaal word deur ideologie dat geen vorm van empiriese ondersoek of enige ander teorie dit genoegsaam kan ontmasker nie.

Die meeste van die groeplede het die standpunt ondersteun dat 'n soort gematigde empirisisme ideologiese strukture kan onderskei en aantoon. Die resultaat van sulke ondersoeke op vier verskillende vakgebiede word in die laaste deel van die boek aangebied. Jeremy Cronin kyk na die posisie in die literatuur en die literatuurstudie, Peter Skalnik bespreek die verskillende standpunte in die Russiese etnografie, Wendy Douglas gee 'n kritiese verslag oor metodes van meting van mense terwyl John Sharp knelpunte tussen die beoefening van Volkekunde as dissipline (hoofsaaklik aan Afrikaanse universiteite) en Antropologie (soos beoefen deur die Engelse universiteite en in die buiteland) aan die orde te stel.

In die huidige akademiese klimaat is hierdie soort navorsing baie belangrik. Daar is tans hernude belangstelling vir wetenskapsteorie en dit word selfs as eis vir aanvaarbare wetenskapsbeoefening gestel dat wetenskaplikes hulself verantwoord oor hulle wetenskapsteoretiese posisie. Soos in die meeste vakwetenskappe, vind 'n mens hier ook die konflik tussen standpunte wat die empiriese, oftewel die band met die "werklikheid" nie wil prysgee nie, en standpunte van relativisme (soos in die bydrae van Orkin).

Waar hierdie ondersoek sterk beïnvloed is deur die Marxistiese denke, is dit logies dat die die ondersoeker sal kies vir die benadering waarin daar op gematigde wyse (soos hulle dit beklemtoon) van die empirie gebruik gemaak kan word. Dit is egter tog duidelik dat die hele debat bepalend beïnvloed is deur die Marxistiese filosofie aangesien die hele redenasie wentel rondom kwessies wat deur die Marxistiese denke aan die orde gestel word.

Die konklusie waartoe gekom word, is dat ideologiese aannames wel geïdentifiseer en aangetoon kan word en dit is duidelik uit die vier vakgerigte ondersoeke dat dit wel (minstens tot op 'n sekere vlak) moontlik is. Wat egter ook waar is, is dat geen ondersoek vry is van ideologiese invloede nie, en enige leser van die verslag sal dit weer in hierdie verslag kan aantoon. Hiermee wil ek egter vir geen oomblik beweer dat die ondersoeke nie geldig is nie. Trouens, dit is uiters insiggewend hoe daar aangetoon word watter "aanvaarde" praktyke inherent ideologies van aard is en nie wetenskaplik "objektief" soos wat die gebruikers daarvan geglo het dit is nie.

Die sentrale vraagstuk in die kontemporêre wetenskapteorie is en bly egter die teenstrydige benaderings van die relativiste en die meer pragmaties ingestelde empiriste. Hierdie groep voel dat hulle nie net aangetoon het dat 'n gematigde empirie 'n waardevolle resultaat kan oplewer nie, maar dat daar soveel kritiek op die relativistiese standpunt (veral teen Kuhn) uitgespreek word, dat hulle dit op goeie gesag nie aanvaar nie. Die feit dat wetenskapbeoefening nie ideologies neutraal is nie, is volgens van Straaten (1987:203) egter "no cause for despair or theoretical anarchism"

aangesien "weak empiricism" gebruik kan word om skeefgetrekte wetenskapsbeelde te ontmasker.

Die boek is geskryf op 'n helder en toeganklike wyse al is die onderwerp iets so abstrak soos wetenskapsteorie. Die toeganklikheid gaan soms wel gepaard met 'n bepaalde oppervlakkigheid (soos in die bespreking van die term *ideologie* - wat egter 'n haas onuitputlike onderwerp is). Vir wetenskaplikes in die spesifieke vakgebiede waarop die ondersoeke gedoen is, kan die bespreking miskien ook ietwat oppervlakkig wees, aangesien hierdie kwessies tans uitvoerig en omvattend in die verskillende vakgebiede ondersoek word. As illustrasiemateriaal vir 'n ondersoek wat algemene patrone in die sosiale wetenskappe wil ondersoek, is dit egter myns insiens heeltemal voldoende en in geheel sal die boek insiggewend wees vir almal wat wetenskap beoefen. Al sou 'n bepaalde wetenskaplike nie met die benadering saamstem nie, word sentrale kwessies in wetenskapsbeoefening hier aan die orde gestel.

STUART FOWLER. 1991. A christian voice among students.
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 231p. Prys: R25,00

Resensent: Willem Postma (Dept. Fundamentele Opvoedkunde, PU vir CHO)

**Enkele gedagtes oor die inhoud**

Die skrywer laat die 'Christelike stem' in drie afdelings praat, naamlik:

I Perspektiewe van onsself en ons wêreld.

II Die rol van teologie, wysbegeerte (filosofie) en geloof in die alledaagse wêreld.

III Die Christenstudent van die hedendaagse universiteit.

In afdeling I wys Fowler op die mens as religieuse wese met 'n hart wat aan God gebind behoort te wees en nie dualisties aan God én afgod nie. Die wêreld is 'n God-geskape werklikheid, die mens is uit die aarde geskape maar geroepe om God te dien. Die skepping word steeds elke oomblik deur God se Woord en Gees regeer. Fowler bepleit 'n siening wat, in teenstelling met die kosmiese wetsidee van Dooyeweerd wat staties mag voorkom, God as die lewende, dinamiese skepper en onderhouer voorhou ("... the living presence of God whose word is law for the creation ..." (25)).

Die hedendaagse wêreld, beweer Fowler (39), heg groot waarde aan wetenskaplike kennis en akademiese kwalifikasies. Geloof staan dikwels nog steeds teenoor wetenskaplike kennis - iets wat aanleiding gee tot skeiding tussen religie en wetenskap. Laasgenoemde dualisme word deur hom skerp veroordeel: "When it comes to the integrity of knowledge, this means that any belief framework we use needs be to one that has, *as its foundation*, an answer to the question of the source of meaning coherence that is in accordance with the revelation of Christ" (39). Elke faset van die sogenaamde sekulêre kennis is vir die reformatoriese wetenskaplike steeds deel van God se skepping. Laasgenoemde is eers moontlik as die Christengelowige Godskennis en werklikheidskennis integreer met wysheid en insig soos gegrond op God se Woord.

Om God te ken is om onsself te ken, dog die mens bly steeds slegs beeld van God. Kennis bly aan God se wet onderworpe; kennis oor wetenskap is nie outonoom nie. Diversiteit en universaliteit in teorieë en kennis moet raakgesien en erken word. Die Christenmens moet daarna strewe om in hierdie lewe *normaal* te lewe. So 'n normale lewe is gebou op die kennis en geloof soos verkry uit God se openbaring in sy Woord. "The Word of God, then, stands as the one, universal normative authority by which all intentional human acts are to be judged" (83).

In afdeling II het Fowler dit oor teologie, filosofie en geloof in die hedendaagse lewe. Teologie is die *talk about God* deur teoloë, dog daar moet gewaak word teen die intellektualisering van Godskennis, want geloof speel ook 'n belangrike rol: "However, the heart of evangelicalism is not assent to doctrine but having a saving experience of Christ" (108).

Fowler wys op die gegewene dat die hedendaagse wêreld erg gesekulariseerd is. Die menslike denke en denkarbeid, die natuurwêreld en die menslike samelewing word verabsoluteer (dus onderskeidelik rasionalisme, naturalisme en sosialisme).

Die God-is-dood-teologie leef nog steeds voort. Met die oog op 'n ware teologie vir die toekoms, bepleit Fowler 'n teologie wat aan die toets van Gods Woord onderwerp moet word. Daar moet gewerk word aan 'n vennootskap tussen teologie en filosofie. God se almag moet duidelik blyk en erken word in die beoefening van verskillende vakwetenskappe, afsonderlik maar ook interdissiplinêr. Teologie moet nie net relevant nie, maar ook wêreldindringend ("penetrating") wees.

Die gelowige moet aktief deel wees van die kultuur, lewe en denke van sy tyd, maar hy moet hom ook daarvan kan losmaak, sodat hy die mense van sy tyd kan wys op die "established order of their age, in order to rescue people from that age" (152). Die Christelike filosofie van die 20ste eeu moet

* Gods Woord erken en bely,

* geïnspireer wees deur die Heilige Gees,

* wetenskaplik geldig wees vir hedendaagse aanvaarbaarheid,

* modern wees,

* 'n ope, nie geslote nie, sisteem (reformatories) wees,

* 'n deurleefde filosofie wees.

In afdeling III gee Fowler 'n uiteensetting van die rol en verantwoordelikhede van die hedendaagse student aan die universiteit. Hy bou sy hele argument op en om Psalm 119:99, 100:

> Ek munt uit bo al my leermeesters,
> want u verordeninge bly my by.
> Ek het meer insig as ouer mense,
> want ek gehoorsaam u bevele.

Hy vra die vraag of elke student bogenoemde woorde met oortuiging bely en uitleef. "This is the challenge set before every Christian student who steps into the academic world of the university" (165).

Christelike universiteite spring nie die sekulêre invloede van hul tyd vry nie, maar moet in alle vakke die Christelike grondmotief laat saampraat. Die Christenstudent (aan 'n Christelike òf neutrale universiteit) kan saam met sy mede-Christenstudente òf as individu (of op albei maniere) die stryd vir Christelike wetenskapsbeoefening aansê. Die passiewe aanvaarding van feitekennis word sterk afgekeur - die student moet deurgaans krities met die aangebode kennis omgaan. Christus moet as koning van die universiteit en al sy werksaamhede bely word. "Holiness is living in undivided love for God, with *all* our heart, *all* our mind and *all* our strength" (184).

Grondige navorsing en diepgaande besinning oor hedendaagse ideologieë sodat die valshede daarvan blootgelê kan word, is nodig vir die Christenstudent om as Christen-wetenskaplike respek af te dwing en 'n bydrae te maak. 'n *Op-'n-afstand-ivoortoring-houding* is tot mislukking gedoem. Fowler sluit hierdie afdeling deur te wys op die gereedskap van die Christenstudent, naamlik kennis van en geloof in God en Sy Woord. "Christian scholarship comes only in communal blood, sweat and tears" (225).

Evaluering

Fowler slaag daarin om op 'n boeiende wyse vraagstukke van die huidige tyd te ondersoek. Hierdie boek van hom behoort op die boekrak van elke Christendosent, -student en -gelowige te staan. Op 'n wetenskaplike wyse word aktuele probleme gestel, geanaliseer en die oplossings oortuig nie net nie, maar gee duidelik riglyne vir elke gelowige wat met dergelike probleme worstel.

Daar dien egter op gelet te word dat die stof van die boek getuig van vakmanskap. Dit is nie heeltemal populêr van aard nie - die filosoof, opvoedkundige en teoloog sal genoeg diepgang vind om in elkeen se akademiese smaak te pas. Die oningeligte sal soms met versigtige inspanning moet lees om die argumente te volg.

Fowler het sy aanbieding so ingeklee dat selfs die nie-Christengelowige ook hierdie boek met vrug sal kan lees. Ou reformatoriese waarhede word nuut aangebied en die argumente is uiters relevant vir die huidige reformatories-filosofiese gesprek.

STUART FOWLER, HARRO VAN BRUMMELEN & JOHN VAN DYK 1990.
Christian Schooling: education for freedom.
Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. Reeks F nommer 39. 198p.

Resensent: M.C. van Loggerenberg (Fakulteit Opvoedkunde, RAU)

Hierdie boek beskryf die ideaal van 'n Christelike skool wat nie slegs 'n ideaal bly nie, maar 'n verwerkliking daarvan probeer uitwerk. Op die vraag wat 'n skool 'n Christelike skool maak, kom die skrywers met die antwoord dat dit die skool is wat ontstaan, bedryf en gevorm word in die eerste en laaste instansie deur die Evangelie van Jesus Christus. So 'n skool streef nie net daarna om Christus met die hart en mond te bely nie, maar poog daadwerklik om in die alledaagse praktyk alles wat in die skool gedoen word, uit, deur en met sy Woord te doen.

Hierdie Woordgebonde benadering maak diegene vry wat so 'n Christelike skool in die lewe roep. Die vryheid van die Evangelie is nie 'n veraf droom of ideaal nie, maar 'n vryheid wat in die daaglikse lewe ervaar en beoefen word, en veral in die handelinge in en om die skool. Die doel van die nastrewing en beoefening van vryheid is die vermoë en vaardigheid om in liefde te dien, om in onverbreekbare gemeenskap en liefde met God en die naaste te lewe.
Om hierdie vryheid te bekom, verg 'n skerpsinnige ingesteldheid om onderskeid te kan

maak tussen valse en ware beskouings/praktyke/idees/invloede. 'n Duidelike waarskuwing teen die invloede van verwêreldliking gaan van die outeurs uit, met die oproep dat die Christelike skool die uitdaging sal aanvaar om die koningskap van Christus teen die sekulêre gode te verdedig.
In die ontwikkeling van hierdie tema word die invloed van die samelewingsverbande in die bevordering of verhindering van die vryheid in Christus geskets. Van groot waarde is die beskrywing van die implikasies van die bemoeienis van die betrokkenes in die praktyk. Spesiale verwysings na die Afrika-situasie word gemaak - iets waarvan sekerlik in die veranderende omstandighede in die RSA kennis geneem moet word.

Ter afsluiting word enkele praktiese idees rondom leer en onderrig in die kurrikulum uitgewerk. Wat ook besonder waardevol geag word, en die boek beslis die moeite werd maak vir iedereen wat in die Christelike skool belangstel, is die deeglike bibliografie agterin, voorberei deur dr. Harro van Brummelen.

P.W. MARAIS 1990. **Die tien woorde van God.** Tweede uitgawe
Pretoria : NG Kerkboekhandel. 367. Prys: R21,00.

Resensent: H.M. Grobler (Geref. Kerk Potchefstroom-Oos)

In hierdie publikasie ontleed die skrywer die Tien Gebooie binne die bestek van 365 paragrawe. Terugskouend is die totaalindruk een van *verstaanbaarheid* en *toepaslikheid*. Die gebooie is immers gegee *vir* die lewe *in* die lewe: 'n teoretiese betoog sou kant nog wal raak! Nietemin belet dit die skrywer nie om 'n teoretiese hoofstuk (hfst. 1) te skryf nie - hy noem dit die *sleutel* tot die res van die boek - waarin hy die onmisbare *agtergrond* skets om die gebooie te verstaan. Sake soos die wet én dankbaarheid , die wet én Christus, die wet as norm, die doel van die wet, ensovoorts word onder die loep geneem. Hierop volg dan 'n uiteensetting van die gebooie, met as slothoofstuk die 'elfde' gebod, wat aansluit by Johannes 13:34, 35. "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het."

Net 'n paar kort opmerkings en vrae van my kant:

* Op bladsy 40 word oor afgode gepraat; sou Romeine 1 nie ter sake wees oor die *hoekom* van afgode nie?
* 'n Beeld of skildery van Christus sou nie verkeerd wees nie (bladsy 55), mits dit nie

* 'n Beeld of skildery van Christus sou nie verkeerd wees nie (bladsy 55), mits dit nie verheerlik of aanbid word nie. Maar: Christus is die Beeld van God. Het 'n beeld van die Beeld sin?

* 'n Mooi aansluiting van die derde gebod met die tweede word op bladsy 81 gelê sodat die naam van die Here inderdaad 'ingesleep' word by die fees rondom die goue kalf.

* Op bladsy 91 tref dit dat die vervloeking wesenlik tot die eed behoort. Hoe erg is meineed dan nie!

* Die redenasie (eksegese) van Psalm 118:23 insake die opstanding van Christus én die eerste dag van die week is verrassend (p. 134).

* Die beloofde land waaroor die vyfde gebod dit het, kan 'n werklikheid word vir elke gehoorsame volk van God, ja, 'n woonplek word verseker op aarde vir elke gehoorsame volk van God (p. 146). Bedoel die skrywer hier met volk die kerk(e) van God? Die kerk is die volk van God. Indien ja, moes hy die kwessie van die land nie méér op die hemelse Kanaän en die nuwe aarde betrek het nie? (p. 146.)

* Aangrypend is die stelling bó aan bladsy 189 dat die mens van nature geneig is om die lewe te haat. Wie God ongehoorsaam is, het die lewe inderdaad nie lief nie.

* By die behandeling van die agtste gebod sou dit goed gewees het as daar óók gewys is op die verskil tussen lotery en dobbelary; dink maar aan die loterybeginsel in party wetenskappe en lotelinge in die weermag.

* Tydig is die waarskuwing op bladsy 307 dat alle begeertes nie verkeerd is nie. Hoe algemeen hierdie verkeerde gedagte is, weet 'n mens nie, maar meermale loop jy dit raak: jy begeer nou, dis sonde, terwyl dit wat begeer word, nie binne die verbod val nie.

* Die laaste hoofstuk wil, soos vroeër gesê, ons laat sien hoe Jesus liefgehad het, met ander woorde hoe Hy die gebooie vervul het - myns insiens onontbeerlik in 'n boek oor die tien woorde. Die laaste Adam moes juis doen - en oneindig méér doen! - wat die eerste Adam nie gedoen het nie, naamlik gehoorsaamheid aan die liefdesgebod. Dit het Hy volmaak gedoen, en daarom vorm dié gedagte 'n noodwendige slot vir die boek. Dié hoofstuk sou daarby gebaat het as die vervulling van elke gebod ter sprake gekom het. Tans - tensy ek verkeerd lees - is dit hoofsaaklik die tweede tafel van die wet (naasteliefde) wat aan bod kom. Wat van Jesus se gehoorsaamheid aan die eerste vier gebooie?

In sy geheel beskou: hartlik aanbeveel.

CRAFFORD, D. 1990. Uitdagings vir die kerk in Afrika.
Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 113 p. Prys R20. Gepubliseer as nr. 8, Teologiese Studies van die Universiteit van Pretoria.

Resensent: F. Denkema (Dept. Sendingwetenskap, PU vir CHO.)

Hierdie boek is uitnemend geskik om ons as blanke Christene te stimuleer tot 'n groter gerigtheid op en betrokkenheid by die worstelstryd van die kerk in Afrika, want die uitdagings wat dié kontinent aan die kerk bied, moet gesamentlik aangepak word. Hierdie uitdagings word op 'n saaklike en duidelike wyse geteken. Onder die opskrif "Afrika-Christendom: 'n wonderwerk of 'n tragedie?" val die klem in die eerste hoofstuk op die snelle groei van die kerk en die baie probleme wat daarmee gepaard gaan. Crafford spel duidelik uit dat 'n Afrika-kerk wat nie sy wortels in die Bybel nie maar in die tradisionele Afrika-godsdiens vind, 'n tragedie vir die hele Christendom sal wees - daarom is verdieping in die geloof 'n dringende behoefte. "Hiervoor het die kerk 'n geestelike krag, 'n sterk Bybelse grondslag, 'n goed georganiseerde en opgeleide bediening, effektiewe strukture en bo alles die krag en wysheid van die Heilige Gees nodig. Om dit te vestig, moet voortdurende reformasie, kerkbou, verdieping van geestelike lewe, opleiding en evangelisering plaasvind" (p. 7). Hieruit blyk duidelik dat die kerk se sendingroeping nog lank nie afgehandel is nie.

Crafford toon ook aan dat die historiese kerke baie kan en moet leer van Afrikanisering by die onafhanklike kerke (Hoofstuk 2). Na 'n bespreking van die verskynsel van separatisme, en pogings om hierdie onafhanklike kerke te tipeer, word die besondere uitdagings wat hierdie kerke aan die historiese kerke stel, uitgespel. Hierdie uitdagings lê op die terreine van die pneumatologie, ekklesiologie, liturgie, diakonie, genesing en simbolisme. Crafford se oproep aan die historiese kerke is positief en vra 'n baie groter betrokkenheid by die onafhanklike kerke. Hierdie kerke moet gesien word as kerke-in-wording wat as Christelik getipeer wil word en wat dus 'n belangrike aanknopingspunt vir gesprek van beïnvloeding kan wees.

Die uitdagings wat die Islam en Marxisme aan die Christelike kerke in Afrika rig, kom ook in hierdie publikasie aan die beurt. Wat veral van waarde is, is die konkrete uitstippel van die kerke se omvattende benadering van hierdie groepe. In die laaste drie hoofstukke kom die tema van swartbewussyn, etiek en die ekumene in Afrika aan die orde. Die skrywer vestig die aandag van wit Christene op die groei en worsteling

wat in Afrika aan die gang is en waarvan baie van ons nie bewus is nie. Die bedoeling van die outeur is dan ook om by ons 'n groter gerigtheid op Afrika te stimuleer en 'n groter begeerte om die uitdagings wat die kontintent aan die kerk bied, met entoesiasme aan te pak.

Hierdie bydrae van Crafford is inderdaad 'n groot bron van kennis vir die student, predikant, sendeling en meelewende lidmaat.